



Bron
nr.
0 0 3 5

Datum
9.7.10.17.290

Onderwerp
nr.
1 8

Knipsel
nr.
13635

Beeld

Jg..... Nr..... P. 3 Dat. 17 OCT 1997

'Privatiseer' Sasria

Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) het met sy voorlegging aan die WVK ten minste 'n oplossing probeer vind om die wonde van die verlede te heel.

Die AHI se voorstel is dat 'n deel van die reserwes van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria) aangewend word as vergoeding vir diegene wat onder apartheid gely het.

Op die oog af lyk dit na 'n goeie voorstel, maar daar is baie praktiese probleme.

Die staat kan nie summier beslag lê op Sasria se reserwes nie en dié soort versekering behoort nou 'n bedrywigheid te wees wat deur die private sektor onderskryf word.

Die polishouers van Sasria kan miskien aanspraak op die reserwes hê, maar hulle het immers dekking gekry.

Soos enige polis wat dekking verleen, is jy jou premies kwyt as die voorval waarvoor jy verseker het, nie gebeur nie, soos byvoorbeeld versekering teen brandskade en 'n brand het nooit uitgebreek wat jou besittings beskadig het nie.



Daar is miskien 'n vae moontlikheid dat polishouers op die reserwes uit beleggings aanspraak kan maak. Die beleggingsinkomste staan apart van die dekking wat verleen is.

Besigheid Suid-Afrika se taakgroep wat na die kwessie gekyk het, wys daarop dat die staat nie op Sasria se reserwes beslag kan lê soos Sasria nou bestaan nie.

Wetgewing moet uiteraard eers verander word.

Die BSA se taakgroep het die siening dat as die wetgewing verander word en die regering beslag sou kon lê op die Sasria-reserwes, dit 'n "gevaarlike" presedent vir die toekoms sou skep.

Polishouers wat Sasria-dekking in hul polisse het, kan tereg vra wat hulle nou moet doen.

Ek stem saam met die BSA-taakgroep dat die premiebetaling vir dié soort risikoversekering verlaag moet word. Polishouers moet ook kyk of dié soort dekking nou in hul kraam pas, want sake het baie verander sedert die jare sewentig en tagtig.

Toc Sasria-versekering vir die eerste keer in die jare sewentig bemark is, kon die staat nie 'n herversekeraar internasionaal kry nie. Die regering moes noodgedwonge destyds daarvoor pa staan.

Nou behoort dit, in die nuwe bedeling, moontlik te wees om herversekeraars in die internasionale versekeringsmark te kry.

Sasria kan dus "geprivatiseer" word.

Die Suid-Afrikaanse regering se betrokkenheid by Sasria kan dus aan die private sektor afgewentel word vir diegene wat dit nog nodig vind op die versekering uit te neem. - Flip Meyer.

TREFWOORDE

- 1 Sake Beeld
- 2 Meyer
- 3 Kammelaars
- 4 AHI
- 5 Voorstel
- 6 Sasria
- 7 Privatiseer
- 8 vergoeding
- 9 slagoffers
- 10 beskerming